CVO GROMAR PRIVAATSKOOL

Posbus 888 * Groblersdal * 0470 * Tel. no.: (013) 262 5419/5334
Finansies E-pos: finansies@gromar.co.za
Admin E-pos: admin@gromar.co.za
Webadres: www.gromar.co.za (Loer gerus in op ons Bakkiesblad)

Omsendbrief 3/2019 31 Januarie 2019

Geagte Ouers

Ons gee graag vir u die volgende inligting deur:

1. **HUISSPORT:**

Baie dankie aan al ons ouers wat as beamptes opgetree het tydens ons huissport. Sonder u harde werk as beamptes is so 'n atletiekbyeenkoms net nie moontlik nie.

Baie dankie aan al die mammas en pappas wat by die verversings gesorg het dat almal se magies vol bly. Julle is werklik staatmakers en al julle harde werk gaan nie ongesiens verby nie.

'n Besonderse dankie aan die Mamma-Komitee van 2019 vir al hul reëlings. (Hierdie mammas werk regtig hard agter die skerms) Hierdie mammas sal vir die res van die jaar met u as ouers in die spesifieke klasse, kommunikeer.

Graad 1	-	Natasha Oosthuizen
Graad 2	-	Alwene Fourie
Graad 3	-	Sally van Schalkwyk
Graad 4	-	Debbie van der Baan
Graad 5	-	Amanda Bronkhorst
Graad 6	-	Magda Viljoen
Graad 7	-	Jukie Mallo
Graad 8	-	Ona Smit
Graad 9	-	Dezi Pretorius
Graad 10	-	Leonora Möller
Graad 11	-	Hester Bloemhoff
Graad 12	-	Machdel Smit

Baie dankie vir die ouers wat die dryfveer agter die dirigente was. U sal met my saamstem dat die dirigente hulle baie goed van hul taak gekwyt het.

Baie geluk aan die Riffies wat die atletiek sowel as die sangbeker gewen het.

Baie geluk aan die volgende atlete wat aangewys is as die Victor en Victrix Ludorm vir die dag.

Victor Ludorm 0/6 tot 0/9:	Juan Janse van Rensburg
Victrix Ludorm O/6 tot O/9:	Meané van Staden
Victor Ludorm O/10 tot O/13:	Werner Nienaber
Victrix Ludorm O/10 tot O/13:	Jurien Janse van Rensburg
Victor Ludorm O/14 tot O/16:	Hennie Hancke
Victrix Ludorm O/14 tot O/16:	Karmie Janse van Rensburg
Victor Ludorm O/17 tot O/19:	Lean Vosloo
Victrix Ludorm O/17 tot O/19:	Marga Genis

2. **INSPEKSIE**:

Daar sal eerskomende Maandag, 4 Februarie 2019 net na die saalopening hare-, naels- en skooldrag inspeksie gehou word.

3. **BOSVELD ATLETIEK**:

Baie sterkte aan die leerlinge wat eerskomende Saterdag aan die Bosveld Atletiek byeenkoms gaan deelneem.

As gevolg van te min belangstelling sal die skoolbus nie Saterdag na CVO Potgietersrus ry nie. Ouers wat ons kan help om leerlinge te vervoer, moet asseblief die skool kontak.

4. **OMSENDBRIEWE**:

Omsendbriewe is die enigste manier hoe die skool met u kan kommunikeer en as u nie die omsendbriewe kan oopmaak op die D6 nie, moet u asseblief die kantoor daarvan in kennis stel so gou as moontlik.

U kan skeurstrokies beantwoord d.m.v. ‘n “Whats App” op die klasgroep of u kan op ‘n stukkie papier terug antwoord.

5. **RUGBY- EN NETBAL**:

Indien daar ouers is wat bereid is om te help met Rugby- of Netbal afrigting vir Oos-Transvaal of die Bokkieweek, vra ons dat julle julle CV's voor of op Maandag, 4 Februarie 2019, na die skoolkantoor stuur.

6. **VRYWARINGSVORM**:

Hierby aangeheg ‘n Vrywaringsvorm (Bylaag A) wat voltooi moet word en voor of op Maandag, 4 Februarie terugstuur moet word na u klasregister. Dit is belangrik dat u hierdie vrywaringsvorm moet voltooi aangesien dit dan vir hierdie jaar vir alle skool uitstappies, kultuur- en sport byeenkomste ook geldig sal wees.

7. **KWARTAAL PROJEK - KANKER**:

Hierdie kwartaal word fondse ingesamel vir die Kankervereniging van Groblersdal. Alle geldjies word by die voogpersoneel inbetaal en die oorhandiging sal Donderdag, 14 Maart 2019 plaasvind.

8. **TOETSROOSTERS**:

Hierby aangeheg is die laerskool toetsrooster (Bylaag B) en hoërskool toetsrooster (Bylaag C).

9. **SKOOL HEKKE**:

Indien daar ouers is wie nie die skoolhekke kan oopbel nie, moet u dit asseblief aanmeld by die kantoor. Ons ervaar tans probleme en werk daaraan.

10. **SKOOLFONDS**:

Die nuwe finansiële program is nog nie in werking nie. Tot tyd en wyl is mev. Erika Badenhorst besig om die skoolfonds bedrae per hand bymekaar te tel en aan u te e-pos. U kan ook u eie berekeninge doen - inligting is in verlede week se omsendbrief deurgegee.

- Januarie 2019 se skoolfonds moes reeds betaal gewees het.
- Februarie 2019 se skoolfonds moet voor 7 Februarie 2019 betaal wees.

Ons doen 'n ernstige beroep dat u so gou moontlik op datum met die skoolfonds moet wees.

GEDAGTE:

"Om kinders groot te maak is deels vreugde en deels 'n guerilla oorlog! *Ed Asner*

Gromar groete

MNR G.J. SWART
SKOOLHOOF

✂----------

Ek _____ ouer van _____ in Graad ___ neem kennis van Omsendbrief 3/2019.

✂----------

Ek _____ neem kennis van die Vrywaringsvorm hierby aangeheg en volledig voltooi.

✂----------

Ek _____ het die laer / hoërskool se toetsroosters ontvang.

BYLAAG A

CVO GROMAR PRIVAATSKOOL

Posbus 888 * Groblersdal * 0470
Tel. no.: (013) 262 5419/5334
Finansies E-pos: finansies@gromar.co.za
Admin E-pos: admin@gromar.co.za

VRYWARINGSVORM

Hiermee verleen ek _____ (volle name en van)

ID Nommer _____ as ouer/voog van _____ graad ____ ,

_____ graad _____, _____ graad ____, _____ graad _____, toestemming dat hy / sy / hulle aan atletiek, rugby, netbal, hokkie, landloop, tennis, krieket, skaak, kultuur (skool/streek/nasionaal) asook alle skool en opvoedkundige uitstappies mag deelneem.

Ek vrywaar CVO Gromar Privaatskool, Personeel, en Organiseerders of hulle verteenwoordigers van enige skade of gebeurlikhede wat mag ontstaan as gevolg van my kind(ers) se deelname. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind / ers en ek aanvaar verantwoordelikheid vir die betaling van mediese rekeninge en / of hospitaalrekeninge, indien van toepassing, in geval van siekte of besering. Ek dra my magte as ouer/voog oor aan die Organiseerders of hulle gemagtigde verteenwoordiger indien mediese behandeling vir die kind nodig mag wees.

Ek versoek dat die verantwoordelike persone op die volgende sal let (noem asseblief aspekte waarvan die onderwyspersoneel bewus moet wees, bv allergieë, geneigdheid tot abnormale bloeding, epileptiese aanvalle, ens).

_____

Kontaknommer van ouer:	
Kontaknommer van naasbestaande:	
Naam van mediese fonds:	
Mediese fondslidnommer:	
Huisdokter en telefoonnommer:	

_____ _____

Handtekening van ouer Datum

BYLAAG B

Laerskool Toetsrooster

Kwartaal 1

DAG	DATUM	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
Maandag					
Dinsdag	19/2	Bybel	Bybel	Bybel	Bybel
Woensdag	20/2				EBW
Donderdag	21/2	CLO	CLO	CLO	Geografie
Vrydag	22/2				CLO
Maandag	25/2				
Dinsdag	26/2	Geografie	Geografie	Geskiedenis	Geskiedenis
Woensdag	27/2				Kuns en Kultuur
Donderdag	28/2	Natuurwetenskap	Wiskunde	Afrikaans	Wiskunde
Vrydag	1/3				
Maandag	4/3				
Dinsdag	5/3	Afrikaans	Geskiedeniss	Wiskunde	Fisiese Wetenskap
Woensdag	6/3				Engels
Donderdag	7/3	Geskiedenis	Afrikaans	Geografie	Afrikaans
Vrydag	8/3				
Maandag	11/3				
Dinsdag	12/3	Wiskunde	Natuurwetenskap	Engels	Lewenswetenskap
Woensdag	13/3	Engels	Engels	Natuurwetenskap	Tegnologie
Donderdag	14/3				

BYLAAG C

HOëRSKOOL TOETSROOSTER

Dat	Weeksdag	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12
19 Febr	Dins	**BYBEL**	**BYBEL**	**BYBEL**	**BYBEL**	**BYBEL**
20 Febr	Woens	WISK	WISK	ENGELS	ENGELS	
21 Febr	Donder	CLO	CLO	GEOGRAFIE	REK / GEOG / IT(P)	
22 Febr	Vry	GEOG	GEOG	WISK / WISK GEL	NS(FISIKA) / LANDBOU	
25 Febr	Maan					**AFRIKAANS 4DE GENRE**
26 Febr	Dins	AFR	AFR	TOERISME / REK / IT(P)	WISK / WISK GEL	**GEOGRAFIE**
27 Febr	Woens	ENG	ENG	VERBRUIKERS	RTT(P)	
28 Febr	Donder	BIOL	BIOL	IGO / LEWENSWET	VERBRUIKERS	
01 Mar	Vry					
04 Mar	Maan					
05 Mar	Dins	BS	BS	AFRIKAANS	AFRIKAANS	**WISKUNDE / GELETTERDHEID**
06 Mar	Woens	GV /RTT / IGO	GV / RTT / IGO	RTT(P)	TOERISME	**ENGELS**
07 Mar	Donder	WET	WET	NS(FISIKA)	LEWENSWET	**IGO**
08 Mar	Vry	REK	REK	NS (CHEMIE) / LANDBOU	IGO	**LANDBOU BESTUUR**
11 Mar	Maan					**FISIESE WET / TOERISME**
12 Mar	Dins	GESK	GESK	BESIGHEID-STUDIE	NS(CHEMIE) / BS	**VERBRUIKER-STUDIE**
13 Mar	Woens	KK	KK	CLO	CLO	**BESIGHEIDSTUDIE**